Desember 2012

OMSENDBRIEF

1	**Kersboodskap vanaf die President**
2	**Nuwe webtuiste**
3	**Veilingsdatums vir 2013**
4	**Joernaal 2013**
5	**10 Jarige bestaan**
6	**Betaling van rekeninge**

Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 506
Bloemfontein, 9300
Tel: 051 - 4100 951
Fax: 086 572 0762 / 086 518 4833
e-pos:
antoinette@studbook.co.za

hesther@studbook.co.za

1. KERSBOODSKAP

Vanjaar staan alreeds einde se kant toe en aan die vooraand van Kersfees. Groot gedeeltes van ons land het goeie reëns gehad waarvoor ons baie dankbaar is, maar tog is daar gedeeltes wat baie swaar trek na verskeie veldbrande en droogtes. Ons glo en vertrou dat hierdie gebiede spoedig goeie reën sal ontvang. Ons as ras het gedurende die jaar baie gegroei en het tans 367 lede op boek. Die groei toon net die groot belangstelling in ons ras – 'n baie groot welkom aan al ons nuwe telers, hoop julle vind ook soveel sukses soos ons huidige telers. Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om my mede Raadslede te bedank vir hul groot bydrae gedurende die jaar asook ons Tegniese Adviseurs, Keurders, Telers en Kantoorpersoneel. Jul bydraes, toewyding en harde werk word tog raakgesien en opreg waardeer.

Namens die Raad en myself wil ek u en u gesinne 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2013 toewens.

2. NUWE WEBTUISTE

Baie dankie aan Mario du Preez vir al sy harde werk en toewyding met die ontwerp van die webtuiste, dit lyk regtig baie mooi en is gebruiksvriendelik. Besoek gerus die tuiste by www.boran.org.za

Let asseblief daarop dat u as teler 'n advertensie op ons webtuiste kan plaas teen R200.00 + BTW per advertensie. Inligting kan aan Antoinette gestuur word by antoinette@studbook.co.za

3. VEILINGSDATUMS

Circle C	09/02/2013
Boran Genepoel	22/02/2013
Collett Farming	28/02/2013
Gerrie v/d Walt uitverkoping	09/03/2013
Oos-Kaap Midlands	18/04/2013
Show Case	19/04/2013
Tambaraine/Elandspruit	03/05/2013
Mpumalanga	18/05/2013
Fonteine	25/05/2013
Circle C	01/06/2013
Kaap klub	13/06/2013
Nasionale Veiling	20/07/2013
Oos-Transvaal bulveiling	31/07/2013
Tambaraine	15/08/2013
Vastrap, Bar Circle & Bos Blanco	16/08/2013
Belfast veiling	20/08/2013
Boran Genetics	23/08/2013
Diamantveld klub	07/09/2013
Vrystaat klub	14/09/2013
B4 auction	21/09/2013
Fonteine	25/09/2013
Kaap klub	04/10/2013
Oos-Kaap Midlands	17/10/2013
Out of Africa	19/10/2013
Circle C	26/10/2013
Elandspruit	02/11/2013
Elite veiling	30/11/2013

4. JOERNAAL 2013

Ons vra dat u nou al begin werkmaak om jul foto's en advertensies gereed te kry vir die Joernaal. Lollie Botha sal weer die samestelling hanteer.

Boek asseblief 'n advertensie spasie deur middel van 'n e-pos aan Antoinette te rig waarop julle noem julle wil graag adverteer. Alle foto's en advertensies kan direk aan Lollie gestuur na lolliebotha@iburst.co.za

Sien aangeheg riglynne waarop jul advertensies opgestel kan word.

SPERDATUM VIR INDIENING BELOOP 08/02/2013 – GEEN LAAT ADVERTENSIES SAL AANVAAR WORD NIE.

Die e-posse gerig aan Antoinette sal dien as bevestiging van plasing van advertensies en sal noukeuring nagegaan word met advertensies wat aan Lollie gestuur is om te verseker alle advertensies word gepubliseer.

GESKATTE KOSTES (BTW UITGESLUIT):

BLAD	**LEDE**	**NIE-LEDE**
Halfblad	R2000	R2500
Volblad	R3000	R3500
Dubbelblad	R5500	R6000

5. 10 JARIGE BESTAAN VAN GENOOTSKAP

Op 17 Mei 2013 sal die Genootskap sy 10 jarige bestaan vier en ons beplan om 'n Koffietafelboek saam te stel en te verkoop. Enige insette sal hoog op prys gestel word en kan aan Johan Henning gestuur word by petroh@xsinet.co.za en Antoinette by antoinette@studbook.co.za

6. BETALING VAN REKENINGE

Ons versoek u vriendelik om te verseker dat u rekening van die Boran Genootskap en S A Stamboek in die korrekte bank in betaal word en die korrekte verwysing word gebruik:

Boran Genootskap bankbesonderhede:
ABSA
Rek nr: 405 786 8603
Verwysings: U Boran rekening nommer

S A Stamboek
Standard Bank
Rek nr: 04 119 1358
Verwysings: U Stamboek lidnommer

Let daarop dat geen oorplasing van S A Stamboek gemaak kan word aan die Boran Genootskap of vice versa nie.

Geniet die rustyd en bestuur veiling wanneer u met vakansie gaan.

Sukses met u boerdery!

Kersgroete

Eloff Muller
PRESIDENT

December 2012

CIRCULAR

1	**Christmas message from the President**
2	**New website**
3	**Auction dates for 2013**
4	**Journal 2013**
5	**10 Year existing**
6	**Settlement of accounts**

Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 506
Bloemfontein, 9300
Tel: 051 - 4100 951
Fax: 086 572 0762 / 086 518 4833
e-pos:
antoinette@studbook.co.za

hesther@studbook.co.za

1. CHRISTMAS MESSAGE

Once more we find ourselves at the end of another year, awaiting Christmas. Large parts of the country had good rains for which we are very grateful, but yet there are parts that find them in dire straits due to several veldt fires and droughts. We trust that they will indeed receive rain very soon. We as Boran breeders can count ourselves very lucky as we experienced a very good growth in members this year – currently we have 367 members. The growth just shows the continued interest in the breed – a very warm welcome to our new members; hope you will find as much success as our current members.

I would like to take this opportunity to thank my fellow Councillors for their contribution during the year as well as our Technical Advisors, Inspectors, Members and the Office personnel. Your contributions, dedication and hard work do not go unnoticed and are appreciated.

On behalf of the Board and myself, I wish you and your families a Merry Christmas and a prosperous 2013.

2. NEW WEBITE

A word of thanks to Mario du Preez for all his hard work and dedication towards our new website, it is a reflection of our Breed and is very user friendly.

You as member have the opportunity to place an advertisement on our website at a fee of R200.00 + VAT per advertisement. All information can be send to Antoinette at antoinette@studbook.co.za

3. AUCTION DATES

Circle C	09/02/2013
Boran Genepoel	22/02/2013
Collett Farming	28/02/2013
Gerrie v/d Walt dispersal sale	09/03/2013
East Cape Midlands	18/04/2013
Show Case	19/04/2013
Tambaraine/Elandspruit	03/05/2013
Mpumalanga	18/05/2013
Fonteine	25/05/2013
Circle C	01/06/2013
Cape club	13/06/2013
National Auction	20/07/2013
East Transvaal bull auction	31/07/2013
Tambaraine	15/08/2013
Vastrap, Bar Circle & Bos Blanco	16/08/2013
Belfast auction	20/08/2013
Boran Genetics	23/08/2013
Diamantveld club	07/09/2013
Free State club	14/09/2013
B4 auction	21/09/2013
Fonteine	25/09/2013
Cape club	04/10/2013
Easte Cape Midlands	17/10/2013
Out of Africa	19/10/2013
Circle C	26/10/2013
Elandspruit	02/11/2013
Elite auction	30/11/2013

4. JOURNAL 2013

We request that you start to gather your photos and information. Lollie Botha will once again compile our Journal. Please book your advertising space by sending an e-mail to Antoinette mentioning that you would like to advertise. Please send all your photos and information directly to Lollie at lolliebotha@iburst.co.za

See attached guidelines for your advertisements.

CLOSING DATE 08/02/2013 – NO LATE ADVERTISMENTS WILL BE ACCEPTED.

Your emails addressed to Antoinette will serve as a confirmation of your advertisement and will be carefully compared with the advertisements sent to Lollie to ensure all ads are published.

ESTIMATED COST (EXCLUDING VAT):

PAGE	MEM	NON-MEM
Half	R2000	R2500
Full	R3000	R3500
Double	R5500	R6000

5. 10 YEAR EXISTING

We would like to publish a "Coffee table book" for our 10 year anniversary on 17 May 2013 and we would appreciate your input in this matter. Any information you can forward to Johan Henning at petroh@xsinet.co.za and Antoinette at antoinette@studbook.co.za

6. SETTLEMENT OF ACCOUNTS

We kindly request all our members to make sure that your account of the Boran Society and S A Studbook be paid into the correct bank accounts and to make use of the correct reference number:

Boran Society:
ABSA
Account no: 405 786 8603
Reference: Your Boran account number

S A Studbook
Standard Bank
Account no: 04 119 1358
Reference: Your Studbook membership number

Please note that no payments from Studbook can be transferred to Boran and vice versa.

Enjoy the break and please drive safely.

Success with your farming!

Season greetings

Eloff Muller
PRESIDENT

Boran Joernaal 2013

alles wat jy moet weet!

ALLE TELERS WAT WIL ADVERTEER NEEM ASB KENNIS:
Omdat die Boran ras so groei moet Resolusi (Lollie Botha) werksvloei aanpassings maak om die joernaal vinnig en doeltreffend af te handel – ELKE TELER word versoek om samewerking in hierdie verband te verleen! Daar is egter terme en voorwaardes; vind asb agter op hierdie pamflet alles wat jy moet weet. Hieronder is slegs 'n kort opsomming van die proses.

ROETE EEN:
Resolusi ontwerp jou advertensie:

STAP 1: Kontak Resolusi (Lollie Botha) en bespreek jou spasie in die joernaal.

STAP 2: Epos Resolusi met jou stoetnaam, teler naam, kontak inligting, fotos, logo, slagspreuk, inligting ens. voor die sperdatum.

STAP 3: Kontak Resolusi (Lollie Botha) telefonies en bevestig dat hul alles vir jou add gekry het.

STAP 4: Jy ontvang jou proef, en kan slegs 2 maal veranderinge aanbring, maak daarom eensklaps seker van alles wat verander moet word.

STAP 5: Goedkeuring moet skriftelik gegee word, geen advertensie word daarsonder geplaas nie.

ROETE TWEE:
Ander grafiese ontwerper ontwerp jou advertensie:

STAP 1: Kontak Resolusi (Lollie Botha) en bespreek jou spasie in die joernaal.

STAP 2: Gee die nodige spesifikasies vir jou ontwerper deur, epos die finale advertensie vir Resolusi voor die sperdatum.

STAP 3: Kontak Resolusi (Lollie Botha) telefonies en bevestig dat hul jou add gekry het.

ALLE TELERS WAT WIL ADVERTEER IN DIE 2013 JOERNAAL NEEM ASB KENNIS:
Omdat die Boran ras so groei moet Resolusi (Lollie Botha) werksvloei aanpassings maak om die joernaal vinnig en doeltreffend af te handel – ELKE TELER word versoek om samewerking in hierdie verband te verleen! Daar is egter terme en voorwaardes; hier volg 'n verduideliking van hoe alles voortaan sal werk:

A: BEVESTIGING: alle telers/adverteerders moet advertensie spasie by Resolusi (Lollie Botha) bespreek (telefonies) voor hulle die advertensie materiaal deurstuur – en bevestig (telefonies) dat Resolusi dit wel gekry het nadat materiaal deurgestuur is.

B: AS RESOLUSI DIE ADVERTENSIE VIR DIE TELER ONTWERP:
Resolusi doen advertensies vir die joernaal sonder ekstra koste aan die genootskap of adverteerder; ons doen so vir die genootskap, as deel van die ooreenkoms met die genootskap. Die teler moet in 1ste epos aan ons spesifiseer watse grootte (vol, dubbel of halfblad), landskap/portret, watse fotos en detail op moet kom. Alle details ivm die teler moet deurgegee word – stoetnaam, teler naam, kontak besonderhede. Teler moet na die 1ste epos vir ons bel om seker te maak dat ons dit gekry het en dat alles reg is. Ons doen slegs 1 standaard uitleg – teler kan nie na die 1ste proef totale nuwe fotos stuur en ander uitleg aanvra nie, landskap word nie verander na portret toe of andersom nie. SLEGS EEN UITLEG PER TELER, PER ADD. Indien u ander/meer gevorderde uitlegte wil he sal daar addisionele kostes verbonde wees. Sien hieronder punte B1, B2 en B3 wat almal geld.

B1: FOTOS:
Adverteerder/teler stuur SLEGS FOTOS WAT OP DIE ADD MOET KOM. Geen ekstra fotos moet gestuur word nie. Alle fotos moet groot genoeg en in digitale formaat wees.

B2: AS VERANDERINGE GEMAAK MOET WORD:
Ons stuur 'n proef in epos deur – teler moet dan alle veranderinge op een dag in een epos spesifiseer - tik slegs in duidelike terme wat ons moet verander. Telers moet daarom mooi dink wat alles verander moet word VOORDAT hulle die veranderinge-versoek epos. (geen PowerPoint of ander formaat sal aanvaar word met veranderinge nie – tik duidelik in epos aleen)
Slegs 2 proef veranderinge sal voortaan ingesluit wees by die ontwerp van advertensies – daarna sal R100.00 vir elke keer wat veranderinge gemaak word, aan die teler gefaktureer word (Dit sal aan Resolusi betaal word). Dit sluit spel/nommer en sinfout veranderinge in – die teler moet daarom die 1ste 2 kere seker maak van ALLE inligting. Resolusi maak geen uitsonderings in hierdie verband nie.

B3: GOEDKEURING:
Goedkeuring moet skriftelik gegee word, geen add word daarsonder geplaas nie, Resolusi aanvaar na goedkeuring geen verantwoordelikheid vir enige foute ivm die add nie.

C: PROFESSIONELE GRAFIESE ONTWERP deur iemand anders:
As die ontwerper die add vir ons stuur moet dit reeds deur die teler goedgekeur wees. Maw die 1ste add wat ons ontvang is ook die finale add, daarna kan jul dit nie vervang met 'n ander add nie – om verwarring en verkeerde plasings te voorkom (Resolusi aanvaar geen verantwoordelikheid vir verkeerde plasings waar meer as een advertensie gestuur word nie). Die advertensie moet aan alle vereistes en standaarde voldoen, Resolusi sal geen aanpassings, regstellings of veranderinge maak aan advertensies wat deur iemand anders ontwerp was nie. Maak daarom vroegtyding met ons seker wat die spesifikasies is! Bevestiging soos onder punt A hierbo is geldig.
Resolusi heg hoë standaarde aan alle werk wat ons hanteer; daarom kan ons nie amateur advertensies aanvaar wat nie die regte formaat, standaard en grootte is nie.

TELER WIL SELF ONTWERP/ AMATEUR ADVERTENSIE ONTWERP DEUR DIE TELER SELF:
Jy as teler wil self die ontwerp doen maar is nie 'n grafiese ontwerper nie. LET WEL ons beveel hierdie metode nie aan nie, telers moet mooi dink voor hul hierdie roete wil volg. Resolusi het ervaring en opleiding in ontwerp en weet daarom wat werk en wat werk nie. Die teler kan die uitleg in PowerPoint (nie Excel, Publisher of Word of enige ander program nie) doen en ons doen dit dan oor in 'n professionele program. Alle fotos moet ook apart ge-epos word, sien punt B1 hierbo. Hou in gedagte dat ons dit moet oordoen op die regte grootte en proporsies – dit sal daarom nie dieselfde kan lyk as die voorbeeld nie. Die teler kry steeds net 2 proef veranderinge, voorwaardes onder B2 hierbo is geldig. Bevestiging soos onder punt A, en goedkeuring soos punt B3 hierbo is geldig.

Resolusi sien uit na 'n pragtige nuwe joernaal, dankie aan elke teler wat gaan saamwerk om die joernaal se sukses te verseker!